ALGEMENE INLIGTING

Kudde is skoon getoets vir TB en CA

INTENTINGS

- Spons, Milt en Lamsiekte (Supavax)
- Dikkop Gasgangreen
- Spons en Rooiderm
- Verse vir betmetlike misgeboort ingeent (RB51)
- Knopvelsiekte
- Slenkdalkoors
- BVD / Boonste lugweginfeksie (Resperivax)

Vir Kudde gesondheids navrae skakel Dr Danie Nolte (Kuddeveearts) 013 665 1510

Bulle loop op strawwe Rooiwater en Galsiekte veld
Alle bulle is getoets vir vrugbaarheid en Trigomaniase en teen Vibriose ingeent
Sertifikate sal op die dag van die veiling oorhandig word

Word in Oktober 1974 lid can die Bonsmara Beestelersgenootskap en gedurende ons 44 Jaar bestaan, konsentreer ons op seleksie vir lae geboortemassa, voldoende melk en naspeen groei.
Kudde wenner van die Farmers Weekly-LNR trofee vir die beste presterende Bonsmara koei in die Nasionale kudde vir beide 2010 en 1991.

In 2008, 2009 en 2001 aangewys as Mpumalanga Streekfinalis van die LNR Veeverbetering

GOUR ELITE KUDDE VIR DRIE JAAR

PLATINUM BUL TOEKENNING VIR 2018 EN 2019

STAMBOEK 5 STER BUL OP VEILING AANGEBIED; LOT 6

Kudde Voorvoegsels

- SEP – Ehlerskroon
- DNT – Dr D Nolte
- JMP – Marloo
- TBR – Tripple B (Baber)
- LAR – Upgeorge L Ralfe
- HOT – Dr Badenhorst
- HJB – Benchmark
- FRY – Frylink
- AG – Artur de Villiers

* AMF - Anglo American Farms
* FHK – Dr. Hartzenberg
* AES – Allen Sanders
* NFS – Sernick
* JHO – Ronnie Oosthuizen
* PJL - P van Heerden
* RCO – Dr W van Rensburg
* HDT – Dr Trumpelman

PRAKTIESE WENKE VIR DOELTREFFENDE BULBESTUUR

U bul is die belangrikste dier in u beesboerdery. Hy maak slegs 3 % van u kudde uit maar dra 50 % by tot elke kalf wat hy produseer en ‘n enkele bul van 40 en meer kalwers per jaar vir u lewer.

DIE NUWE BUL OP DIE PLAAS

Sorg dat die bul (veral as dit net een bul is) afgelaai word in ‘n veilige kamp met goeie drade saam met ‘n paar ander beeste om hom rustig te maak. Skoon water en goeie weiding sal hom ook dadelik rustiger maak.
Laat die bul verkieslik vir twee dae aanpas.
Indien moontlik, hou die bul weg van die ander bulle op die plaas, totdat hy by sy eie koeie kom en na die eerste dekseisoen kan hy by die bultrop gevoeg word.
Dit is die ideal om die bul twee maande voordat u dekseisoen begin op die plaas te he, sodat die bul ten volle aanpas by die omgewing en voedingstoestande.

VOOR DIE DEKSEISOEN

Die bul wat u vandag aankoop is reeds volledig getoets vir vrugbaarheid en geslagsiektes maar dit is egter belangrik dat u die ander bulle op die plaas 3 – 6 weke voor die dekseisoen laat toets vir vrugbaarheid en geslagsiektes (Trichomaniase en Vibriose)
Gaan ouer bulle voor die dekseisoen deeglik na vir gesondheid en struktuele bevoegdheid
Die bul se kondisie behoort tussen 2.5 en 3.5 uit 5 te wees, aangesien oorvoeding lei tot swaar onfikse en lomp bulle, wie se semen ook dan onder standard is. Aan die ander kant kan ondervoeding lei tot swak libido en verswakte semen gehalte.
Over die bul twee maande voor die dekseisoen met ‘n produksielek of kragvoer, sodat die bul se kondisie tot op standard kan kom. Gebruik voerbakke soos omgedopte vragmotorbande om beserings risiko te verminder.

GEDURENDE DIE DEKSEISOEN

Jong bulle is gewoonlik onervare en sal ‘n paar dae neem om dekbehendig te word.
By meerbulparing sal dit voordelig wees, om ‘n onewe getal bulle by die dekgroep te voeg, aangesien die bulle geneig is om te baklei, sal daar altyd ‘n bul wees wat dek
Vir ‘n 100 koeie moet ten minste 3 – 4 bulle bygevoeg word.
Enkel bul dekgroepe behoort een bul 30 – 35 vroulike diere te kan dek in drie maande

NA DIE DEKSEISOEN

Plaas ‘n ouer bul saam met ‘n jonger bul in die bulkamp om bakleiery te verminder.
Wanneer bulle saam in een kamp gevoeg word, moet die kamp redelik veilig wees t.o.v klippe, boomstompe en gate of slote, om risikos van beserings te verminder.
Wanneer bulle hanteer word, moet ‘n kalm atmosfeer gehandhaaf word, sodat bulle nie gesteur word nie.
Bull moet ook nie vasgedruk op op ‘n knop gejaag word nie.

ROOIWATER VORKOMING

Bulle kan met die volgende program behandel word met aankoms op die plaas
Op dag 14 behandel die bulle met Berinal
Daarna elke 30 dae vir drie behandelings
(Gebruik slegs Berinal aangesien dit nie die natuurlike weestand afbree nie).

HARTWATER VOORKOMING

Behandel 10 dae na aankoms op die plaas met 100ml Teramycin LA
Daarna elke 14 dae vir vier behandelings.